Access fun Grade 8–12 quizzes, matric past papers, K53 learner mock tests, and NBT prep!

All in one easy-to-use app.

DOWNLOAD GO STUDY NOW

Download on the App Store

GET IT ON Google Play

Tap on the buttons above to download the app

www.gostudy.club

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2015

GESKIEDENIS V1

PUNTE: **150**

TYD: **3 uur**

* I H I S T A 1 *

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye, en ’n addendum van 10 bladsye.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

INSTRUKSIES EN INLIGTING AAN KANDIDATES

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES (6) vrae wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is. Drie brongebaseerde vrae onder AFDELING A en drie opstelvrae onder AFDELING B.

   AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

   VRAAG 1: KOMMUNISME IN RUSLAND, 1900–1940

   VRAAG 2: KAPITALISME IN DIE VSA, 1900–1940

   VRAAG 3: IDEES OOR RAS IN DIE LAAT 19de- EN 20ste-EEU

   AFDELING B: OPSTELVRAE

   VRAAG 4: KOMMUNISME IN RUSLAND, 1900–1940

   VRAAG 5: KAPITALISME IN DIE VSA, 1900–1940

   VRAAG 6: IDEES OOR RAS IN DIE LAAT 19de- EN 20ste-EEU

2. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie brongebaseerde vrae te beantwoord kan in die ADDENDUM VAN BRONNE gekry word.

3. Elke vraag tel 50 punte.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN (1) moet ŉ brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN (1) moet ŉ opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan ŉ brongebaseerde vraag of ŉ opstelvraag wees.

5. In die beantwoording van die vrae moet kandidate hul kennis, vaardighede en insig gebruik.

6. ŉ Blote oorskryf van bronne as antwoorde sal kandidate benadeel.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstel wat in hierdie vraestel gebruik word.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Begin elke vraag op ŉ NUWE bladsy en trek ŉ streep aan die einde van elke vraag.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag en nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord kan in die ADDENDUM gekry word.

VRAAG 1: HOE HET DIE MASSA MOBILISASIE VAN DIE MENSE GELEI TOT DIE ONDERGANG VAN DIE TSARISTIESE BEWIND IN RUSLAND IN 1917?

Bestudeer Bronne 1A, 1B, 1C, 1D en 1E om die volgende vrae te beantwoord.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Gebruik die bron en jou eie kennis om die konsep *outokrasie* te definieer. (1 x 2) (2)

1.1.2 Watter geleentheid, volgens die bron, het in die laat 1890's bestaan? (1 x 2) (2)

1.1.3 Waarom, volgens jou mening, was die tsaar nie bereid om enige politieke of ekonomiese veranderinge in te stel nie? (2 x 2) (4)

1.1.4 Waarom, volgens die bron, het progressiewe elemente in die samelewing teen die tsaar gedraai? (1 x 2) (2)

1.2 Bestudeer Bron 1B.

1.2.1 Wat, volgens die bron, was die redes dat mense vyandiggesind teenoor die regering geraak het? (1 x 2) (2)

1.2.2 Wat, volgens die bron, was die hoofdoel van die opmars na St. Petersburg? (1 x 2) (2)

1.2.3 Waarom, volgens jou mening, het die weermag op die betogers gevuur? (1 x 2) (2)

1.2.4 Alhoewel die optog as ʼn mislukking beskou kan word, het dit historiese betekenis vir Rusland gehad.

Stem jy saam met hierdie stelling/aanname? Ondersteun jou antwoord. (1 x 2) (2)

1.3 Hoe ondersteun Bron 1B vir Bron 1A ten opsigte van die aksies wat die mense het teen die tsaristiese regime geneem het? (1 x 2) (2)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

1.4 Lees Bron 1C.

1.4.1 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik die redes waarom die industriële werkers op staking was. (2 x 2) (4)

1.4.2 Waarom, volgens jou mening, het die soldate uiteindelik die demonstrasies ondersteun en geweier om teen die mense op te tree? (2 x 2) (4)

1.4.3 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik wat 'n sowjet is. (1 x 2) (2)

1.5 Lees Bron 1D.

1.5.1 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom Lenin 'n beroep op 'n gewapende opstand gemaak het. (1 x 2) (2)

1.5.2 Gebruik die bron en jou eie kennis, en verduidelik of jy dink Lenin geregverdig was met sy beroep vir 'n gewapende opstand of nie. (2 x 2) (4)

1.5.3 Watter onmiddellike veranderinge, volgens die bron, het Lenin ingestel nadat die Bolsjewiste oorgeneem het? (3 x 1) (3)

1.6 Gebruik Bron 1E.

1.6.1 Wat is die betekenis van die teenwoordigheid van die personeel in uniform tussen die skare wat Lenin aangespreek het na die Bolsjewiste die voorlopige regering omvergewerp het? (1 x 2) (2)

1.6.2 Kan Bron 1E as betroubaar beskou word in die begrip van die rol wat die Bolsjewiste in die Oktober-rewolusie van 1917 gespeel het? (1 x 3) (3)

1.7 Deur gebruik te maak van die inligting in die relevante bronne, en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (80 woorde) waarin jy evalueer tot watter mate die mense se stryde tot die ondergang van tsaar Nicholas II bygedra het. (8)

[50]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 2: HET ROOSEVELT SE NUWE BEDELING DIE DOELWITTE VAN VERLIGTING, HERVORMING EN HERSTEL VIR DIE AMERIKAANSE EKONOMIE BEHAAL?

Bestudeer Bronne 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die daaropvolgende vrae.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Wat, volgens die bron, was die resultate van die ineenstorting van die New Yorkse aandelebeurs? (4 x 1) (4)

2.1.2 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik die betekenis van die konsep, *Groot Depressie*. (1 x 2) (2)

2.1.3 Dink jy dat President Hoover geregverdig was in sy beskrywing dat die krisis net "'n verbygaande voorval in ons nasionale lewe is"? (2 x 2) (4)

2.1.4 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik die verskil in benadering tot die Groot Depressie tussen die regerings van President Hoover en President Roosevelt. (2 x 2) (4)

2.2 Bestudeer Bron 2B.

2.2.1 Waarom, volgens die bron, was die bankstormloop so algemeen aan die begin van die depressie? (1 x 2) (2)

2.2.2 Wat, volgens jou mening, was die betekenis van die Roosevelt se *Fireside Chats*? (1 x 2) (2)

2.2.3 Waarom, volgens die bron, was Hoover huiwerig om aksie te neem om die verdere bankstormloop te voorkom? (1 x 1) (1)

2.2.4 Dink jy dat Roosevelt geregverdig was in die versnelling van die "*Emergency Banking Act*" vir onmiddellike implementering? (2 x 2) (4)

2.2.5 Wat, volgens die bron, was die onmiddellike gevolg van die "*Emergency Banking Act*"? (1 x 2) (2)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

2.3 Verwys na Bron 2C.

2.3.1 Gebruik die bron en jou eie kennis om die direkte voordele van die *Tennessee Valley Authority Act* aan die Amerikaanse ekonomie gedurende die depressie te verduidelik? (2 x 2) (4)

2.3.2 Hoe ondersteun Bron 2C vir Bron 2A met betrekking tot die Roosevelt-regering se reaksie op die Groot Depressie? (2 x 2) (4)

2.3.3 Wat is die beperkinge van Bron 2C as historiese bewyse? (1 x 2) (2)

2.4 Raadpleeg Bron 2D.

2.4.1 Met verwysing na die bron, tot watter mate dink jy, was die Nuwe Bedeling, as ’n regeringsingrypingsprogram, suksesvol? (1 x 3) (3)

2.4.2 Waarom, volgens jou mening, was sekere sektore van die Amerikaanse bevolking uitgesluit uit voordele van die Nuwe Bedelingsprogramme? (2 x 2) (4)

2.5 Deur gebruik te maak van die relevante bron en jou eie kennis, skryf ’n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy bespreek of die Nuwe Bedeling sy doelwitte van verligting, herstel en hervorming behaal het. (8)

[50]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 3: HOE HET NAZI-PROPAGANDA GELEI TOT DIE UITWISSING VAN MINDERHEIDSGROEPE IN NAZI-DUITSLAND?

Bestudeer Bronne 3A, 3B, 3C en 3D om die volgende vrae te beantwoord.

3.1 Konsulteer Bron 3A.

3.1.1 Wat, volgens die bron, was Hitler se konsep van ras? (3 x 1) (3)

3.1.2 Waarom, volgens die bron, was Ariërs beskou as die meesterras? (3 x 1) (3)

3.1.3 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik die redes waarom Hitler 'n irrasionele haat vir die Jode vertoon het. (2 x 2) (4)

3.1.4 Gebruik die bron en jou eie kennis en definieer die konsep, *anti-Semitisme*. (1 x 2) (2)

3.1.5 Kan Hitler se anti-Semitisme, soos uitgedruk in die bron, geregverdig word? (2 x 2) (4)

3.2 Verwys na Bron 3B.

3.2.1 Wat, volgens die bron, is die voordeel vir "minderwaardige rasse" wanneer hulle deur Ariërs verower word? (1 x 2) (2)

3.2.2 Waarom, volgens die bron, is dit belangrik vir die Ariërs om nie onder mekaar te trou nie? (1 x 2) (2)

3.2.3 Is Bron 3B betroubaar as 'n historiese bewys in die begrip van Hitler se haat teenoor die Jode? (1 x 2) (2)

3.2.4 Wat, volgens jou mening, sou die impak wees van die idees wat vervat is in die bron op die gewone Duitser se siening van die Jode? (2 x 2) (4)

3.3 Hoe ondersteun Bron 3B vir Bron 3A met betrekking tot Hitler se siening oor ras? (2 x 2) (4)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

3.4 Lees Bron 3C.

3.4.1 Deur gebruik te maak van die bron en jou eie kennis, definieer die konsep ***Holocaust***. (1 x 2) (2)

3.4.2 Waarom, volgens jou mening, was die doodmaak van Jode verwys as ʼn volksmoord? (1 x 2) (2)

3.4.3 In watter land, volgens die bron, was die grootste aantal Jode vermoor? (1 x 1) (1)

3.5 Verwys na Bron 3D.

3.5.1 Wat is die sentrale boodskap van die foto in die bron? (1 x 3) (3)

3.5.2 Wat, volgens jou mening, was die voornemens van die VSA met die publikasie van hierdie foto? (2 x 2) (4)

3.6 Deur gebruik te maak van al die relevante bronne en jou eie kennis, skryf ʼn paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) oor hoe Nazi-propaganda tot die uitwissing van Jode in Duitsland gedurende die Tweede Wêreldoorlog gelei het. (8)

[50]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling.

Jou opstel moet omtrent DRIE bladsye lank wees.

VRAAG 4: KOMMUNISME IN RUSLAND, 1900–1940

Kandidate mag slegs EEN vraag vanuit die volgende twee opstelle beantwoord.

4.1 "Selfs al was die Nuwe Ekonomiese Beleid van Lenin deur sommige binne die Kommunistiese Party as 'n uitverkoopprogram beskou, het dit 'n sekere mate van sukses bereik as 'n poging om Rusland se ekonomie te stabiliseer ná die rampspoedige Oorlogskommunisme."

Stem jy saam met die bogenoemde stelling of nie? Motiveer jou antwoord in 'n goed-aangevoerde opstel. **[50]**

OF

4.2 Tot watter mate was Stalin suksesvol in sy program om kommunisme te konsolideer en Rusland te moderniseer? **[50]**

VRAAG 5: KAPITALISME IN DIE VSA, 1900–1940

Kandidate mag slegs EEN vraag vanuit die volgende twee opstelle beantwoord.

5.1 Tot watter mate sou jy saamstem dat die onderliggende swakhede/tekortkominge in die Amerikaanse ekonomie die langtermyn volhoubaarheid van die ekonomie ondermyn het en dus gelei het tot die ineenstorting van die New Yorkse aandelebeurs in Oktober 1929, en die uitbreek van die Groot Depressie? **[50]**

OF

5.2 Bespreek krities die gevolge van die Groot Depressie in die VSA. **[50]**

VRAAG 6: IDEES OOR RAS IN DIE LAAT 19de- EN 20ste-EEU

Het die idees van eugenetika en Sosiale Darwinisme enige rol gespeel in die vorming van die praktyke en beleide van Brittanje in sover dit die behandeling van inheemse mense van Australië betref? **[50]**

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore